



Die Vrye Gereformeerde Kerk van Kaapstad

Ecclesia Christi fluctuat non mergitur

Posbus 336
SANLAMHOF
7532

16 Maart 2020

Deputate vir Liturgiese Musiek
p/a Br AG de Vente

Insake: **Besinningsvrae n.a.v. Sinode 2017**

Geagte broeders en susters

U skrywe van Januarie 2020 verwys. Dit het aan die orde gekom op die kerkraad se vergadering van 9 Maart jl.

Ongelukkig het die kerkraad nie vir u 'n antwoord op al die detailvrae nie.

Wat betref die temas kan ons wel noem dat daar, na ons mening, 'n paar temas ontbreek waaraan u aandag kan skenk, naamlik: Skepping en herskepping, die Laaste Oordeel, Eskatologie.

Verder wil die kerkraad u bedank vir die gesange wat u in die verlede reeds uitgesoek en aan die sinode voorgelê het vir goedkeuring. Die reeds goedgekeurde gesange word met groot vrug in ons gemeente gebruik.

Seën en wysheid word u toegewens vir u werk in diens van God se Koninkryk.

Groete in Christus

Br G. Klapwijk
(voorsitter)

Sr M.A. de Mooij
(skriba breed)